
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 45 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 55 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees die artikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

### OWEN DUBE SE GROOT GESIN



1 Owen Dube kom van Zimbabwe af. Toe hy in 1999 dringend na werk gesoek het, het 'n vriend hom van werk by Wild Horizon vertel. Hulle het hom aangestel *(appointed)* om olifante op te pas *(to care for)*. Aan die begin het hy nie baie van die olifante gehou nie. Vandag is hy mal oor hulle.

2 Owen het van die begin af sy werk goed gedoen. Hy moes eers net hulle slaapplek skoonhou. Later moes hy help om vir hulle kos te soek. Hy moes takke met blare afsny en dit vir hulle gee.

3 Daarna het hy saam met die olifante in die bos gaan stap. Owen het ure saam met die olifante in húlle wêreld deurgebring. Hy het baie by hulle geleer. Ná soveel ure saam met hulle, het hy baie lief geword vir dié massiewe wilde diere.

4 Baie mense verstaan nie hoe Owen met wilde diere kan werk nie. Sy dogter, Nozipho, het ook eers gesukkel om te verstaan wat hy doen. Toe vat hy haar saam werk toe. Die olifante het sommer dadelik diep in haar hart gekruip. Sy het baie vrae oor die olifante gevra, byvoorbeeld: Wat eet hulle? Hóéveel eet hulle? Waar slaap hulle? Op 'n dag het sy selfs baie ernstig gevra: "Pappa, kan ek saam met jou werk?"

5 In 2005 het Owen as olifant-oppasser *(elephant carer)* by die HERD-weeshuis *(orphanage)* vir olifante buite Hoedspruit begin werk. HERD staan vir Hoedspruit Elephant Rehabilitation and Development. Baba-olifantjies wat alleen gelaat word as die mammas dood is of hullle net gelos het, kom na hierdie weeshuis toe.

6 Wees-olifantjies kom van verskillende plekke regoor Suid-Afrika na HERD toe. Stropery *(poaching)* is die hoofrede waarom olifantgesinne opgebreek word *(split)*. Die mamma-olifante hardloop weg as hulle die stropers se geweerskote hoor. Die babas bly dan alleen agter, want hulle kan nog nie vinnig genoeg hardloop nie. HERD word dan gevra om die babas te gaan haal. Hierdie klein olifantjies moet nog melk kry en word poeiermelk gevoer.

7 Olifante leef in troppe. Hulle pas mekaar op en leer van mekaar. Die ouer olifante raas met die jonger olifante as hulle stout is. Wanneer die klein olifantjies groot en sterk genoeg is, word hulle deel van die groot trop.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

8 Owen sê as olifant-oppasser is elke dag vir hom lekker. Vroeg in die oggend vra hy vir die olifante of hulle lekker geslaap het. Dan doen hy inspeksie om te sien of almal daar is en of hulle genoeg kos het. In die dag stap hy met hulle dam toe. Die olifante geniet dit baie om in die water en die modder te speel.

9 Die trop olifante by HERD word die Jabulani-trop genoem. Op die oomblik is daar 17 olifante in hierdie trop. Mambo is 'n jong, hardkoppige *(stubborn)* bul wat die ander olifante sommer uit sy pad sal stoot. Limpopo is die oudste kind in die trop en moet die voorbeeld stel. Sy sukkel egter om altyd na haar ma te luister.



10 Zindogwa is net so oud soos Mambo. Wanneer die versorgers *(carers)* buite in die bos sit en gesels, kom staan hy naby hulle asof hy luister na wat hulle sê. Owen noem Zindogwa sy "liewe seuntjie". Simopane is een van die ouer olifante. Hy is meer van 'n alleen-olifant.

11 Owen is onlangs tot senior bestuurder bevorder *(promoted).* Versorgers soos hy speel 'n belangrike rol om olifant-wesies groot te maak. Dis vir hom nie meer net werk nie. Die olifante is sy gesin! Hulle omgee vir mekaar motiveer hom elke dag. Hy wens ander mense kan dit ook sien en ervaar, veral jonger mense.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 14 Maart 2024]

1.1 VOLTOOI die sinne hieronder deur woorde uit paragraaf 1 in te vul. Skryf net die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) en die antwoord neer.

1.1.1 Owen Dube het van ... na Suid-Afrika toe gekom. (1)

1.1.2 'n ... het hom gehelp om werk te kry. (1)

1.1.3 In ... (jaar) het Wild Horizon hom aangestel om olifante op te pas. (1)

1.2 Owen was van die eerste dag af mal oor die olifante.

Haal EEN sin uit paragraaf 1 aan om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.3 Noem TWEE dinge wat Owen aan die begin by Wild Horizon moes doen. (2)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord (A–D) neer.

Met "húlle wêreld" in reël 12 bedoel Owen ...

A die huise by Wild Horizon.
B die dorp naby Wild Horizon.
C die olifante se natuurlike blyplek.
D die olifante se slaapplek wat hy moes skoonmaak. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit was eers toe Owen (boeke oor olifante gelees het/olifante regtig leer ken het), dat hy 'n passie vir hulle ontwikkel het. (1)

1.6 Haal EEN woord uit paragraaf 3 aan wat vir ons sê dat die olifante baie groot is. (1)

1.7 Hoe weet 'n mens dat Owen se dogter meer van die olifante wou weet nadat hy haar saamgevat het werk toe? (1)

1.8 "Die olifante het sommer dadelik diep in haar hart gekruip." (Reël 16)

1.8.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde word (letterlik/figuurlik) bedoel. (1)

1.8.2 Wat beteken hierdie woorde binne die konteks? (1)

1.9 Wanneer het Owen by die HERD-weeshuis begin werk? (1)

1.10 "Wees-olifantjies kom van verskillende plekke regoor Suid-Afrika na HERD toe." (Reël 25)

1.10.1 Watter misdaad is die hoofrede dat baba-olifantjies wees raak? (1)

1.10.2 Waarom bly die olifantjies agter wanneer hierdie misdaad gepleeg word? Gee EEN rede. (1)

1.11 Hoeveel olifante is daar op die oomblik in die Jabulani-trop? (1)

1.12 Owen is baie lief vir sy olifant-gesin en ken hulle goed.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die olifant in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | Mambo | A | ... hou daarvan om op sy eie te wees. |
| 1.12.2 | Limpopo | B | ... lyk nie presies soos die ander olifante nie. |
| 1.12.3 | Zindogwa | C | ... is Owen se gunsteling. |
| 1.12.4 | Simopane | D | ... is die boelie in die gesin. |
| | | E | ... is partykeer ongehoorsaam. |

(4 x 1) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.13 Ons kan baie lesse uit hierdie artikel leer.

1.13.1 Watter les kan jy by Owen leer oor hoe jy jou werk moet doen? (1)

1.13.2 Watter les kan jy by olifante leer? (1)

1.14 Waarom is dit 'n goeie idee om die olifante se name in die artikel te gee? (1)

1.15 **'OWEN DUBE SE GROOT GESIN'**

Waarom pas hierdie titel so goed by die inhoud van die teks? (1)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit pinterest.com]

1.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die pa en seun is in die (eetkamer/sitkamer). (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.17 Pa sê: "Wat gaan hier aan?!"

1.17.1 Waarvan praat die pa? (1)

1.17.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.17.2) en die antwoord (A–D) neer.

As die pa sê: "Ek kan my oë nie glo nie!", bedoel hy dat hy ...

A 'n bril nodig het.
B baie teleurgesteld is.
C goeie nuus gekry het.
D nie goed kan lees nie. (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Wat Johan vir sy pa sê en doen, wys dat hy (nie regtig gepla is nie/vaak is). (1)

1.19 Waarom is dit verkeerd dat Johan sy uitslae met sy vriende se uitslae vergelyk? Verduidelik in jou eie woorde. (1)

1.20 "Ai, hy weet mos hy het goeie punte nodig ..."

Waarom, dink jy, het Johan goeie punte nodig? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: HOEKOM OEFENING GOED IS VIR JOU

Dis nie altyd maklik om te oefen nie, maar oefening is goed vir jou.

### INSTRUKSIES

- Som in SEWE VOLSINNE op **HOEKOM OEFENING GOED IS VIR JOU**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees NIE.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**HOEKOM OEFENING GOED IS VIR JOU**

Ons almal ervaar soms stres. As jy oefen, skei jou liggaam hormone af wat jou gelukkig laat voel.

Baie mense is oorgewig. Dan is dit moeilik om aktief te wees. Jy kan jou gewig beheer deur oefeninge te doen.

Mense wat nie oefen nie, kan siektes soos diabetes en beroertes kry. Oefening kan keer dat jy sulke ernstige siektes kry.

Jou brein het suurstof nodig om goed te werk. Wanneer jy oefen, klop jou hart vinniger en pomp dit meer suurstof na jou brein. Dus help oefening jou brein om beter te onthou.

Wanneer 'n mens ouer word, verloor jy krag en spiermassa. Oefening help om die bene en spiere in 'n mens se liggaam sterk te hou.

'n Mens kan op jou eie of in groepe oefen. As jy saam met ander mense oefen, kan jy nuwe vriende maak en sosialiseer.

Wanneer jy oefen, voel jy moeg. Wanneer jy moeg voel, slaap jy beter. Gereelde oefening help mens dus om beter te slaap.

[Verwerk uit wikihow.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Kuier*, 4 Augustus 2023]

3.1 Hoe trek die adverteerder die leser se aandag na die produk wat geadverteer word? Noem EEN manier. (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder in die opskrif om direk met elke leser te praat? Noem EEN. (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

**"Spesiaal vir jou!"** is 'n voorbeeld van (vooroordeel/manipulering). (1)

3.4 Skryf die sin oor en maak die SPELFOUT reg.

Gesondheid uit die natier. (1)

3.5 Hoe weet ons dat die adverteerder die produk vir klein en groot gesinne verpak? (1)

3.6 Gee die ANTONIEM van 'klein'. (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.



Die doel van die hartjies in die logo is om vir die leser te wys dat die eiers (lekker/sleg) gaan proe. (1)

3.8 Wat kan jy as leser doen as jy nie tevrede is met die produk nie? (1)

3.9 Hoekom is dit slim van die adverteerder om so baie prente van eiers in die advertensie te gebruik? (1)

3.10 Hoekom sal jy hierdie produk koop? (1)
**[10]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit pinterest.com]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.1 Kyk na RAAMPIE 2.

4.1.1 Watter EEN woord sê vir ons dat Peanuts nie van Lucy hou nie? (1)

4.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ons kan sien dat Peanuts (moeilikheid soek/vrede wil hê). (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 3.

Hoe kan ons aan Lucy se liggaamstaal sien dat sy kwaad is? Noem TWEE dinge. (2)

4.3 Kyk na RAAMPIE 4.

Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

"Ek is kwaad."

**Begin só**: Lucy sê dat ... (1)

4.4 **NEE!!** Ek gaan **NIE** jou hand skud **NIE**!! (RAAMPIE 5)

Hoe weet ons dat Lucy hierdie woorde hard skree? (1)

4.5 Kyk na RAAMPIE 6.

4.5.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.5.1) en die antwoord (A–D) neer.

Die simbole 

wys dat Peanuts …

A graag wil vrede maak.
B 'n hond met goeie maniere is.
C bly is omdat hy kan gaan eet.
D nie Lucy se hand wil soen nie. (1)

4.5.2 Hoe weet ons dat Lucy nie Peanuts se woorde kan hoor nie? (1)

4.6 Kyk na RAAMPIE 8.

4.6.1 Watter UITROEP pas die beste?

(Ag nee/Hmmm), my kos is lekker. (1)

4.6.2 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Niks is (belangrik) as kos nie. (1)
**[10]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**KRIEKET WORD WEER 'N OLIMPIESE SPORT**



Die Olimpiese Spele (5.1.1) (is/word) elke vier jaar gehou. (5.1.2) (Verlede/Gelede) jaar was Frankryk die gasheerland. In 2028 bied Los Angeles dit aan.

Die IOK besluit aan watter sportsoorte atlete (5.1.3) (by elke Spele deelneem). Die program verander. (5.1.4) (Dit is altyd dieselfde). In 2028 is krieket ná (5.1.5) (100) jaar weer deel van die Spele. Daar is nog ander sportsoorte wat ook in 2028 deel van die Spele sal wees, bv. (5.1.6) (muurbal sagtebal en bofbal).

Daar is baie mense wat (5.1.7) (...) krieket hou. Reëls word (5.1.8) (elke jaar) hersien. Daar is (5.1.9) (toetskrieket) van vyf dae tot eendagkrieket. Mense is (5.1.10) (bly) dit is terug op die program.

(5.1.11) (Meneer) Greg Barclay van die Internasionale Krieketraad sê die Raad is ook opgewonde. Dit is goed vir krieket om weer deel van die Spele te wees. (5.1.12) (Krieketspan) regdeur die wêreld oefen reeds (5.1.13) (hard) vir die 2028 Spele. Almal wil graag die (5.1.14) (goed) wees.

[Verwerk uit *Son*, 16 Oktober 2023]

5.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die Olimpiese Spele (is/word) elke vier jaar gehou. (1)

5.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

(Verlede/Gelede) jaar was Frankryk die gasheerland. (1)

5.1.3 Skryf die gedeelte tussen hakies in die TOEKOMENDE TYD.

Die IOK besluit aan watter sportsoorte atlete (by elke Spele deelneem). (1)

5.1.4 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Dit is altyd dieselfde. (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.1.5 Skryf die GETAL (100) as 'n woord. (1)

5.1.6 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in die sinsgedeelte hieronder in. Onderstreep die leesteken.

... muurbal sagtebal en bofbal. (1)

5.1.7 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Daar is baie mense wat ... krieket hou. (1)

5.1.8 Gee EEN WOORD vir 'elke jaar'. (1)

5.1.9 Verdeel 'toetskrieket' korrek in LETTERGREPE. (1)

5.1.10 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in jou eie sin sodat die betekenis duidelik is.

Mense is (bly) dit is terug op die program. (1)

5.1.11 Gee die AFKORTING vir 'Meneer'. (1)

5.1.12 Gee die MEERVOUD van 'krieketspan'. (1)

5.1.13 Gee die INTENSIEWE VORM van 'hard'. (1)

5.1.14 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Almal wil graag die (goed) wees. (1)

 SA EXAM PAPERS Proudly South African 


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Bron: ClipartLibrary]

5.2.1 Skryf die sin in die INFINITIEF.

Linda is besig (navorsing doen). (1)

5.2.2 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Wanneer sy klaar is, sal sy haar *(apple)* eet. (1)

5.2.3 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Sy het haar boeke uit haar (rug+sak) gehaal. (1)

5.2.4 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Linda se penne en potlode is in 'n klein (houer) op haar lessenaar. (1)

5.2.5 VERBIND die sinne hieronder met die VOEGWOORD tussen hakies.

Linda het klaar studeer. Sy bêre haar notas in die laai. (Nadat)

**Begin só:** Nadat ... (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African